

Skriflesing: Markus 8:27-9:1

Teks: **Markus 8:29, 34**

Sing- Ps. 118:1,12; Sb.33:3 (2-4:3); Ps. 118:11; Sb.40:1,7 (15-4:7) Ps. 105:5

Markus 8:27-9:1

Mar 8:27 En Jesus en sy dissipels het uitgegaan na die dorpe van Cesaréa-Filíppi; en op die pad vra Hy sy dissipels en sê vir hulle: Wie sê die mense is Ek?

Mar 8:28 En hulle antwoord: Johannes die Doper, en ander: Elía, en ander: Een van die profete.

Mar 8:29 En Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? En Petrus antwoord en sê vir Hom: U is die Christus.

Mar 8:30 En Hy het hulle streng beveel om niemand van Hom te vertel nie.

Mar 8:31 Toe het Hy hulle begin leer dat die Seun van die mens baie moet ly en verwerp word deur die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes en gedood word en ná drie dae opstaan.

Mar 8:32 En hierdie woord het Hy ronduit gespreek. En Petrus het Hom opsy geneem en Hom begin bestraf.

Mar 8:33 Maar Hy het Hom omgedraai, en terwyl Hy sy dissipels aankyk, het Hy Petrus bestraf en gesê: Gaan weg agter My, Satan! Want jy bedink nie die dinge van God nie, maar dié van die mense.

Mar 8:34 En toe Hy die skare saam met sy dissipels na Hom geroep het, sê Hy vir hulle: Wie agter My aan wil kom, moet homself verloën en sy kruis opneem en My volg.

Mar 8:35 Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil en om die evangelie ontwil verloor, hy sal dit red.

Mar 8:36 Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?

Mar 8:37 Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?

Mar 8:38 Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlijkheid van sy Vader met die heilige engele.

Mar 9:1 En Hy sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die koninkryk van God met krag sien kom het nie.

Skriflesing: Markus 8:27-9:1

Teks: **Markus 8:29, 34**

Sing- Ps. 118:1,12; Sb.33:3 (2-4:3); Ps. 118:11; Sb.40:1,7 (15-4:7) Ps. 105:5

Broeder en suster- Om belydenis van geloof af te lê, dit wat hierdie 5 jongmense vandag hier wil doen, is nie maar net iets wat gedoen moet word om dit nou agter die rug te kry, of my ouers verwag dit van my, dáárom doen ek dit maar! Hierdie is van die belangrikste besluite wat 'n mens in jou lewe aan kan dink. Dit wat hier gebeur kan nie opgehef of teruggetrek word nie. Die belofte wat hier gemaak word, het te doen met my ewige bestemming. Dit is 'n hemelse belofte wat hier op aarde, voor God, in die midde van sy gemeente afgelê word.

Dit wat julle 5 vandag wil doen, is 'n persoonlike belydenis. Niemand kan namens jou hier kom staan en in jou plek belydenis van geloof doen nie. Al staan julle saam, elke een (ja elkeen) moet hier vanuit sy/haar persoonlike oortuiging hierdie belydenis doen wat die res

van jou lewe met jou sal saamgaan. Tot versterking of tot veroordeling, maar hierdie is geen neutrale aangeleentheid wat maar net afgehandel kan word en nou is dit ook weer verby nie!

Die mees belangrike en sentrale vraag wat uit ons gelese gedeelte tot ons kom is die vraag Wie is Jesus Christus vir jou?! Ons het geles dat Jesus Self die vraag gevra het – *Wie sê die mense is Ek?* Dan het ons geles mense antwoord maklik as hulle namens ander mense praat. Daar word verskillend oor Jesus gedink, is Hy maar soos Elia, soos Jeremia, party het selfs gedink Hy is Johannes die Doper, maar al hierdie antwoorde bring geen mens nader aan Wie Jesus werklik is nie. Gewoonlik wanneer mense so los en oppervlakkig antwoord, dan sal dit daaroor handel dat Jesus 'n mens was, 'n besondere mens, Een van die groot profete, Een wat my kan help, Een waaroor ek praat solank ekself bietjie buite myself kan bly praat.

Ons wat vandag getuies is van hierdie besondere geleentheid tot openbare belydenisaflegging, ons hoor Jesus sy dissipels 'n tweede keer die vraag vra- *Maar julle, Wie sê julle is Ek?* Nou kan niemand meer los en buite, hom/haarself praat nie. Dit raak 'n totaal persoonlike vraag, wat jou hart en elke deeltjie van jou lewe, binne en buite jou moet opeis. Dit is nie maar net woorde nie. Hierdie is woorde wat 'n verskil maak waarin die Persoon en die boodskap van Jesus Christus nie maar net van kennis geneem kan word nie. Ja, ons staan op dieselfde woorde, op dieselfde rots waarop Simon Petrus gestaan het toe hy gesê het, *U is die Christus...* in die evangelie van Mattheus staan die belydenis nog duideliker – *U is die Christus, die Seun van die lewende God* (Matt.16:16).

Dit wat die Here vir Petrus sê, moet ons, ons eie maak. Wanneer Petrus sy belydenis aflê, dan sê Jesus vir hom, dit wat hier gebeur is geen mensewerk nie. Trouens in die woord rots wat Jesus gebruik, word dit al duideliker en duideliker gestel. Petrus se naam, 'n Griekse naam *petros*- dui gewoon op 'n stuk steen. Daarin sit al die gedagte van vastigheid maar nou moet ons Jesus se woorde baie mooi na kyk. Jesus antwoord nie dat Hy sy kerk op hierdie *petros*- hierdie stuk steen sy kerk gaan bou nie. Jesus maak 'n duidelike klemverskil wat 'n totale dieper inslag bevat, want Petrus se naam is *petros*, maar sê Jesus my Kerk gaan ek op die *petra*, bou, 'n baie dieper en vaster grond as net 'n gewone klip of steen wat daar lê. In Petra gaan dit om 'n massiewe uitgebreide, omvattende stuk rotsformasie. Baie meer as net 'n stukkie rots, 'n stukkie klip, 'n stukkie steen. *Petra* i.p.v. *petros* wys na wat groter is, dieper vaster, die rots kry 'n heeltemal stewige rotsbodem, want Petrus (*petros*) jy gewone ou stukkie rots wat hier voor my staan, jy as mens kan nie die fondament van die kerk wees nie.

Die basis moet baie breër wees. Dit wat Petrus is, sy belydenis 'n stukkie steen belydenis, maar hy moet ook met die steen op die rots gebou word.

Daar kan geen twyfel wees oor wat (eintlik oor WIE!) die ROTS vir ons moet wees nie. Die Rots waarop die Kerk gebou is, moet in alle geval eerste staan, want eers as ons by die Rots gekom het, daarna kan ons bepaal Wie die Kerk is. Eers gaan dit om die Rots waarop die kerk gebou is en daarna kom eers die KERK, die kerk wat dan op hierdie Rots gebou moet word. Die Rots is Jesus Christus, ja *U is die Christus*, dit is waaroor dit alles gaan. Christus die Seun van die lewende God, Hy Wie vandag hierdie belydenis van sy kinders verwag. Hy is die Rots, die totale rotsbodem, op Hom alleen moet alles te staan kom en net op Hom en niemand meer nie. So het Paulus ook aan die Efesiërs geskrywe dat die kerk is gebou op Jesus Christus as Hoeksteen (Ef.2:20). Al die geskrifte van die apostels soos dit in die Bybel vasgelê is, dit wat die apostels van Christus gehoor het, gesien het, dit alles wat hulle, die apostels nader verklaar het, dit vorm die Rots waarop hier belydenis van geloof gedoen moet word, want op die Rots en op Hom alleen moet ons hele lewe berus.

Ons as kerk, ook julle wat nou ten volle ingelyf word in wat die kerk is, in wat die kerk moet wees, in wat die kerk moet doen, ons kan niks doen sonder Christus nie. Geen nagmaal, geen doop, geen amp, niks sonder Christus nie. Voor daar 'n kerk kan wees wat op 'n Rots gebou is, moet daar die Rots wees en Jesus Christus wil en kan vir ons 'n Rots wees. Die Enigste Wie dit kan wees! Daarom gaan Jesus wel met sy kerk die saak heeltemal uitmaak. Wie Jesus as Rots ken, vir hierdie dissipels sê die Here – *op hierdie rots sal Ek my gemeente bou...* Net so belangrik dit is om te weet Wie die Rots is, net so belangrik word ons belydenis, as ons uitmaak Wie doen die eintlike bouwerk....?

Dit is ook net Jesus Christus wat julle verder sal wil opbou, daarvoor is sy kerk, sý Kerk, die ware kerk behoort aan geen mens nie, net aan Hom, Jesus Christus, die Here, die Seun van die lewende God. Dit staan geskrywe en is 'n belofte van God oor elke ware gemeente van God, waar dit ook al mag wees, in watter land, van watter mense, ongeag in watter tyd, in watter omstandighede ook al, die groot universele Kerk, dit wat alles omvat, wat op die Rots gebou is, daardie universele Kerk, moet op hierdie plek, in hierdie tydgleuf, vanuit die lewe van julle 5 wat nou julle geloof wil bely, die kerk moet vanaf julle en deur julle gesien kan word. Dit is waarom daar ook hier 'n kerk is, 'n plaaslike gemeente, wat gebou moet word,

want die plaaslike kerk is niks anders as die universele kerk wat plaaslik sigbaar en deelbaar alles van die universele kerk ons wil meedeel en daarby wil inlyf nie.

Daarom dat ons Markus 8 ook verder moet vat. Om werklik sigbaar kerk te wees. Dit wat God ons meedeel, waarby God ons inlyf vra van ons totale oorgawe.... dit waaroor vers 34 en die res oorgaan- *Wie agter My aan wil kom, moet homself verloën en sy kruis opneem en My volg.* Ons het gesien hoe alles by Jesus Christus moet begin. Hoe net Hy Rots is, hoe Hy alleen bou, Hy wat vir jou sê jy kan my dissipel wees.

Of julle nog 40 jaar op aarde gaan lewe, of nog 50 jaar, dan is julle amper 70, of nog 60 jaar op aarde gaan lewe, dan is julle amper 80 jaar, maak nie saak nie, ek kan dalk môre nie meer hier op aarde wees nie, dit gaan oor die lewe wat ek lewe as ek hier uitgaan vandag, moet ek my lewe in die Here lewe. Ek moet doen wat die Here van my verwag. Ek het nie 'n eie pad, 'n eie lewe, 'n eie klomp dinge wat ek moet doen en besluite wat ek moet neem nie, dit moet vir jou duidelik wees dat Christus wil jou Rots in alles wees, Hy wil dat jy na Hom moet kom, met alles in jou lewe, Hy roep jou wat jouself moet verloën, jou kruis moet opneem en Hom moet volg.

Die eerste berekening wat die Here van ons verwag is om dit baie duidelik te maak dat hoe Jesus se eie lewe was. Dit was 'n lewe van lyding, van mense wat Hom vervolg, daar was geen goedkoop oplossings en kort paadjies wat Jesus in sy lewe kon vat nie. Dit was op die einde 'n gekruisigde lewe, Hy is doodgemaak, tot op die einde voor Hy nog in die graf was, was Hy vir jou en my in die hel. Jesus het paaie geloop waarop ons nie kan loop nie, niemand kan die hel se angs gedra en deurlewe het soos wat Jesus dit moes doen nie. Hy wys ons wel die paaie wat Hy vir ons sê ons moet loop, ons moet sorg dat ons op daardie paaie is. Om kerk vir die Here te wees, so een sal besef ek kan nie kort paadjies vat nie. Dit klink baie swaar maar dit is wat ons moet weet, as iemand Jesus se volgeling wil wees, moet so 'n mens werklik sy lewe vir die Here gee. Die Here eis dit, niks anders nie, niks minder nie, jou lewe.

Wie die Here se Naam bely, hierdie belydenis wat vandag hier mag opgaan, mag nie net lippetaal wees nie, die belydenis word opgevolg met 'n geweldige kragtige opdrag van selfverloëning, van kruis opneem, van om Jesus te volg. Selfverloëning gaan oor prysgawe. Ek moet my eie-ek nie meer as die belangrikste beskou nie. Selfverloëning gaan oor opoffering, dit moet word wat aan die Galasiërs geskrywe is- **20** *Ek is met Christus*

*gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my (Gal 2:20). Romeine 12 (die heel eerste vers) wys op die mens wat homself as lewende offer aan God moet offer- **I Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.** Jesus was Self die beste voorbeeld van selfverloëning. Hy wat die hoogste Koning is, Hy buk neer Hy was die voete van sy dissipels. Selfverloëning is nie iets wat ons maar net oor moet praat nie, dit moet gedoen word. Om vir die Nagmaal voor te berei is om waarlik te weet wat selfverloëning is. In hoe ek praat, in hoe ek leef, in hoe ander my sien, want daarsonder hoort ons nie aan die tafel van die Here nie.*

Hiermee saam waar selfverloëning plaasvind sê die Here jy moet jou kruis opneem. Dit is eintlik al klaar die volgende stap van selfverloëning is om jou kruis op te neem. Simon van Cirene was duidelik iemand wat dit letterlik moes doen. Hy het Jesus se kruis gedra, maar nou gaan dit om meer as wat Simon gedoen het. Ja, die kruis, daardie stukke hout wat die vloekdood uitspel, wat geen Jood eintlik aan wou raak nie, vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang is daar gesê en geglo. Om jou kruis op te neem beteken nie ek het sware lyding want ek het swaar gesondig, of dat ek dra aan die sonde van myself en andere nie. Nêe, dit het ook nie te doen met 'n algemene seer of siekte wat ek nou maar geduldig moet kan dra nie. Om jou kruis op te neem gaan ook nie daarvoor dat ek gaan sendingwerk doen, of ek gaan 'n voltydse evangelie bedienaar word nie. Ander dink weer om jou kruis op te neem gaan oor iets wat ek moet doen om wel met God versoen te wees. Hoe afgrysig dat ons dikwels in die Paastyd al van die mense in die Filippyne of Haïti gesien het, wat hulleself bebloed onder kruise indwing, so asof hulle ook gekruisig moet wees om jou kruis op te neem. Sulke mense besef eintlik glad nie waarvoor dit gaan om jou kruis op te neem nie.

Wat is dit dan as ek die Here vir my hoor sê dat ek sy kruis moet opneem. Geliefdes dit is alles dinge wat baie nou met selfverloëning verbind staan. Om die kruis van Christus te dra is niks anders as om dissipel van die Here te wees wat my laat besef ek moet Jesus voor my en langs my en bo my sien. Ek moet in algehele toewyding my toespits dat ek my Here nie gaan verloën nie, dan dra ek die kruis van dissipelskap en christenskap. Mense gaan ons spot, daar is lyding vanweë ons geloof, dit is in baie lande baie erger as by ons, sulke christene in sulke lande wys konkreet wat dit is om sy kruis te dra. Om te ly vir wat en in Wie ons glo. My geloof het 'n kruis tot gevolg, dan is my geloof een met my kruis. Dit is wat dit beteken om jou kruis te dra. Dietrich Bonhoeffer, wat in 1945 op 39 jaar deur Hitler

gehang is oor hy die kruis van sy geloof konkreet gemaak het, wat die Nazi's hom verag het, het 'n boek geskryf- *die koste van dissipelskap*. Daarin sien ons om die kruis te dra het waarlik te doen met lyding wat ander ons aandoen omdat ons die Here volg. As God van jou, jou lewe vra, as ander jou lewe van jou eis, want jy sal Christus nie verloën nie, dan moet ek my lewe wil gee. Ek moet bereid wees om my doodsvonnis te teken wanneer die ware koste van dissipelskap jou jou lewe vra.

Ons sluit af, ook vir julle wat nou julle geloof gaan bely, ons wat voorberei vir volgende Sondag se Nagmaal, Jesus die Rots, Hy wat die vaste fondasies reeds gelê het, Hy wat ons in alles voorgegaan het, jy moet Hom volg. Jouself verloën, jou kruis opneem en *volg My!* Hierin maak die Here dit duidelik om Hom te volg moet vir my 'n saak van eer wees. Ek moet God in alles kan eer. Ek moet nie skaam wees om sy kind te wees nie. Ek moet nie bang wees dat ander sal sien aan Wie ek behoort nie. Die Here wil hê dat al kry ek teleurstellings, moeite, verdriet, maar ek bly Hom volg, dan sal God se heerlijkheid, sy regverdigheid, sy Woord sal my aanspoor om Hom te bly volg. Ons gaan by die tweede diens 'n besondere teks in die verband lees. *Jes. 30:21- 21 en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan.*

Die Woord agter jou, 'n woord wat gehoor kan word, Jesus voor jou, wat sê – **VOLG MY!** Van agter en van voor word ons deur die Heilige Gees gedring en gedryf, geroep en aangespoor om Jesus te volg. Is julle 5 waarlik daartoe bereid? Laat julle lewe Christus wees, dan sal Hy julle lewe wees. Dit wat elkeen nou ook wil bely, al lewe ons die lewe waar ons stryd nooit sal ophou nie. Daarvan het ons gesing. Tog het ons 'n naam wat ons in Christus nie sal verloor nie. Daarvan gaan ons nou sing...

AMEN